HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
— WEES JOUSELF —
Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | www.janvanriebeeck.co.za | hs_jvr |

**27 Februarie 2026**

Beste Hokkie-ouers

Ons skryf vir julle met positiewe terugvoer na afloop van die beheerraad se beplanningsessie.

**A. Die installasie van ’n astro-fasiliteit het sy uitdagings, vernaam:**

1. Die koste van ’n fasiliteit is tussen R6m en R7m. ’n Buitedonateur het R2m bewillig en die ouers as ’n kollektief R281 000. Dit laat steeds ’n wesenlike tekort.
2. Die skool het beperkte fasiliteite waar ’n regulasie-grootte astrobaan installeer kan word. Ons is van mening dat, teen die koste, die skool nie ’n halwe oplossing moet nastreef nie.
3. Ons het ’n oplossing beding wat ons glo die skool, sy leerders en ons gemeenskap tot groot voordeel strek.

**B. ‘n Gedeelde sportfasilieit met ‘n astrobaan by die Boshoff-veld**

1. Die plan is om ’n astro-fasiliteit by die Boshoff-veld te installeer.
2. Dit bied ook ’n oplossing vir die gebrekkige veldtoestande en hoë waterkostes by hierdie veld wat slegs teen groot koste herstel kan word.
3. Ons sluit ’n deelooreenkoms met Laerskool JvR waar hulle gedeelde gebruik van die astro het in ruil vir ’n 50% bydrae tot die koste van die astro installasie. Beide skole se sportbestuur is tevrede dat so ’n ooreenkoms gemaklik eerbiedig kan word sonder dat enigeen van die skole ’n tekort aan speel- of wedstrydtyd het.
4. Dit het die bykomende voordeel dat die twee skole nouer saamwerk op sportgebied. Veral vir ons kinders wat vanaf die laerskool na die hoërskool beweeg skep dit ’n natuurlike progressie.
5. Ons erken heelhartig die waarde van ons rugbyprogram en die plan is om die Buys-veld (bokant die Boshoff-veld) te vernuwe as ons vlagskiprugbyveld.

6. Die plan is om steeds ’n atletiekbaan rondom die astrobaan te vestig. So skep ons in der waarheid vir ons skool ’n moderne sportkampus.

Ons glo dat hierdie die mees optimale aanwending van ons fasiliteite en beperkte bronne is en dat, vir ’n addisionele belegging van hoogstens R1m, dit vir die hoërskool velerlei voordele bied.

**C. Finale implimentasie is onderhewig aan:**

1. ’n Afgetekende deelooreenkoms tussen die twee skole.
2. Finale afgetekende kwotasie vir die installasie van die astro- en atletiekbaan na afloop van ’n deeglike tenderproses.
3. Ondersteuning deur die laerskool JvR-Ontwikkelingstrust vir 50% van die koste.
4. Ondersteuning deur die HSJvR 100-Gedenktrust vir die balans van die hoërskool se 50% bydrae.

Ons het reeds in beginsel ondersteuning gewerf en glo dat konstruksie en voltooing voor die einde van die jaar haalbaar is.

**D. Ouerbydraes**

Enige bydraes of voorstelle vir fondswerwing vir hierdie belangrike projek is uiteraard welkom. Ons sou graag sien dat ons as ouers minstens ’n R500 000 bydrae vir die HS JvR 100-Gedenktrust kan aanbied, waarvan R281 000 reeds ingesamel is. Skakel gerus met Abré van Heerden in die verband.

Mooi naweek.

______________________

**Merwe Scholtz**
**Namens die HSJvR-beheerraad**